OUTEURSREG

Baiekeer gebruik 'n gemeente ter goeder trou die werke van digters, skrywers, dramaturge, komponiste, ens. op verhoë of opvoerings in die kerk, of sing liedere wat hulle orals uit ander bronne versamel het, sonder eerbiediging van die outeursregte van sulke kunstenaars. Indien 'n gemeente nie die nodige lisensie vir sulke optredes of gebruike het nie, kan wetlike vervolging teen kerkrade ingestel word om die outeursregte te beskerm (Wet op Kopiereg).

Daar word 'n lisensie van CCL benodig wanneer 'n gemeente die nuwe ***Liedboek van die Kerk*** gebruik en die woorde met behulp 'n truprojektor, flitsbord of LCD-projektor projekteer (wanneer 'n gemeente dus nie die fisiese boekies gebruik nie).

Voorts benodig 'n gemeente ook 'n lisensie van CCL wanneer ***ander liedere*** (Afrikaans sowels as Engels) in die gemeente gesing word (ongeag of dit nou in 'n eie boekie saamgestel is of geprojekteer word).

Daarby moet daar 'n lisensie van SAMRO bekom word wanneer 'n gemeente musiek buite die erediens wil gebruik (uitvoer), bv speel van CD'd, opvoerings, troues, ens.

Al hierdie lisensies dek die tantième op outersreg van die verskillende komponiste, skrywers en kunstenaars.

CCLI (Church Copyright Licencing International) behartig die lisensies vir al die geestelike musiek en liedere wat deur die kerke gebruik word, insluitende die Liedboek van die Kerk.

- ?? Die koste van 'n lisensie om die Liedboek van die Kerk te projekteer wissel van R500 vir 'n klein gemeente tot R2000 per jaar vir 'n groot gemeente (Grootte word bereken op getal lidmate).
- ?? Die koste vir die gebruik van ander geestelike liedere wissel van R89 vir 'n klein gemeente tot R1873 per jaar vir 'n groot gemeente (Koste word bereken op die gemiddelde bywoning op 'n Sondag).
- ?? Wanneer 'n gemeente beide lisensies uitneem, word daar 'n afslag van 25% toegestaan – wat dit die moeite werd maak om albei lisensies uit te neem.
- ?? Voorbeeld: 'n gemeente met 1000 lidmate sal 'n lisensiefooi van R1000 per jaar betaal vir die Liedboek, en R505 per jaar vir die sing van ander liedere (bereken op 'n gemiddelde bywoning van 249 lidmate op 'n Sondag). Vir altwee lisensies saam kry jy 25% afslag = R1128,75 vir twee lisensies.

(Sien volledige tariewe in AANHANGSEL 1 hieronder.)

Hierdie twee lisensies laat 'n gemeente toe om die volgende te doen:

- ?? Die Liedboek van die Kerk, asook ander geestelike liedere te projekteer
- ?? Liedere uit die Liedboek, sowel as ander geestelike liedere op pamfletjies af te druk wat deur die gemeente gebruik word, bv met Kerssangdiens, liturgiese programme, kampe, selgroepe, ens.
- ?? Al hierdie liedere te gebruik by opvoerings wat die kerk hou, bv Paasspel
- ?? Al hierdie liedere as deel van die Sondag se preek op kasset op te neem en te versprei (met 'n beperking van 25% van die bywoning van daardie erediens op die hoeveelheid kassette met musiek op)
- ?? Al hierdie liedere mag deur die gemeente op kasset of CD opgeneem word en aan die gemeente se sel-, huis, omgeegroepe, ens. versprei word as deel van die gemeentelike aktiwiteite.

(Sien AANHANGSEL 2 & 3 hieronder)

Kontak CCLI by:

Tel: 021 975 1393 (praat met Elmarie Adendorf)
Faks: 021 976 5524
Epos: ccla@iafrica.com
Adres: Loeriepark 6A
H/v Wellington- en Paul Krugerstraat
Durbanville

CCL Africa
Posbus 2347
Durbanville
7551

Wanneer 'n gemeente egter die musiek buite die ***erediens self*** (of in die openbaar of ***kommersieel*** om wins te maak) wil aanwend, moet daar toestemming van die volgende organisasies verkry word en die nodige tantième aan hulle betaal word:

Vir ***reproduksie-regte*** (bv die opneem van 'n CD om as fondsinsameling te verkoop), kontak NORM of SARREL:
NORM (Nasionale Organisasie vir Reproduksie Regte van Musiek in Suider-Afrika)

Tel: 011 486 0751
Faks: 011 646 3717
Epos: bettym@norm.co.za

Adres: 1 North Ave
Riviera
Johannesburg

Posbus 4387
Johannesburg
2000

SARREL (Suid-Afrikaanse Opnameregte Vereniging)
Tel: 011 486 0751
Faks: 011 646 3717
Epos: bettym@norm.co.za
Adres: 1 North Ave
Riviera
Johannesburg

Posbus 4387
Johannesburg
2000

Vir ***uitsaai en opvoeringsregte*** moet SAMRO gekontak word:
vir 'n lisensie vir die gebruik van agtergrondmusiek voor en na erediense
en 'n lisensie vir die openbare uitvoering van musiek (bv. speel van musiek tydens musiekopvoerings, gemeentekonsert of tydens huweliksonthale, of kommersieel in die openbaar met die doel om wins te maak – ook wanneer kunstenaars genooi word om op te tree)
Beide lisensies se fooie word bereken op die aantal aktiwiteite wat 'n gemeente vir die jaar beplan waar musiek gebruik gaan word, asook op die aantal sitpleke van die lokaal. Hierdie lisensies word jaarliks vooruit hernu en kos heelwat minder as die CCL-lisensies.

SAMRO (Suider-Afrikaanse Musiekregte Organisasie)
Tel: 011 489 5000 (praat met mnr Louw)
Faks: 011 403 1934
Epos: licadmin@samro.org.za
Adres: Jutastraat 73
Braamfontein

Posbus 9292
Johannesburg
2000

Vir ***toneelopvoeringsregte van toneelstukke*** (of dele daarvan) wat in die erediens gebruik word, of as gemeentekonsert of kommersieel in die openbaar opgevoer word met die doel om wins te maak, moet daar toestemming verkry word van:
DALRO (Dramatiese, Artistieke en Letterkundige Regte-Organisasie)
en die nodige tantième aan hulle betaal word.

Telefoonnommer en adres dieselfde as SAMRO.

AANHANGSEL 1

CLLI LISENSIE FOOIE

LIEDBOEK - LISENSIE GEMEENTES	KAT	FOOI	-25%	AFSLAG	MDE
0 tot 500 lidmate	A	R500	**375.00**	125.00	12
501 tot 1500 lidmate	B	R1000	**750.00**	250.00	12
1501 tot 2500 lidmate	C	R1500	**1 125.00**	375.00	12
2501 en meer lidmate	D	R2000	**1 500.00**	500.00	12

CCLI – LISENSIE GEMEENTES	KAT	FOOI	-25%	AFSLAG	MDE
0-15 bywoning	A	R89	**66.75**	22.25	12
16-49 bywoning	B	R154	**115.50**	38.50	12
50-99 bywoning	C	R297	**222.75**	74.25	12
100-249 bywoning	D	R505	**378.75**	126.25	12
250-499 bywoning	E	R760	**570.00**	190.00	12
500-999 bywoning	F	R1102	**826.50**	275.50	12
1000-1499 bywoning	G	R1445	**1 083.75**	361.25	12
1500-2999 bywoning	H	R1873	**1 404.75**	468.25	12

Bedrae indien gemeentes ook CCLI-lisensie het.

Beide lisensies geld vir ‘n tydperk van een jaar vanaf die maand waarin die lisensie aan ‘n aansoeker toegestaan word.

(Vir meer as 3000 limate bywoning, kontak CCLI vir tariewe)

AANHANGSEL 2:

CHURCH COPYRIGHT LICENCE: VINNIGE VERWYSINGSKAART

Hoekom is die Church Copyright Licence nodig?

Die Suid-Afrikaanse Wet op Kopiereg verhoed enige persoon of wese om ? liedjie in enige vorm sonder die toestemming van die liedjie-eienaar te kopieer.

Die Church Copyright Licence is in die lewe geroep om kerke, skole en ander bedienings wat hierdie liedjies in groepsituasies gebruik, teen die oortreding van die Wet op Kopiereg te beskerm. Dit bied volslae toestemming om meer as 270,000 liedjies vir groep- of gemeentesang te kopieer.

Wie gebruik die Church Copyright Licence?

Huidiglik gebruik meer as 195,000 kerke wêreldwyd die Church Copyright Licence. Die Lisensie is ook beskikbaar aan reisende bedienings of diegene wat graag liedjies vir kleiner groepbyeenkomste, bybelstudies of gebedsgroepe wil kopieer.

Watter aktiwiteite word deur die Church Copyright Licence gedek?

?? Gedrukte materiaal: insluitende gedrukte liedjies in bulletins, bylaes, liturgieë, programme, liedjieblaaie of gemeentesangboeke, hetsy gebind of ongebind.
?? Projeksie: insluitende oorhoofse transparante, skyfies of rekenaarprojeksietoerusting en LED-borde.
?? Oudio/Video: insluitende die opneem van aanbiddingsdienste vir kassetbediening, asook kerktroues, jeugbyeenkomste en spesiale dienste.

Waar word die Church Copyright Licence gebruik?

?? Weeklikse kerkdienste: Stel mens in staat om liedjies vir gemeentesang wetlik te kopieer. Voorsien ? maklike en bekostigbare manier om nuwe liedjies bekend te stel, selfs al gebruik die kerk liedere- of gesangboeke.
?? Vakansiedienste: Druk of projekteer spesiale vakansieliedjies wat nie in liedere- of gesangboeke opgeneem is nie.
?? Spesiale dienste, troues en begrafnisse: Laat familielede toe om persoonlike gunstelinge of liedjies vir besoekers in te sluit.

?? Jeugaktiwiteite en kampe: Voorsien meer kontemporêre jeugaanbiddingsliedjies teen ? bekostigbare prys. Oorhoofs geprojekteerde liedjies en pamflettte werk ook beter by kampe waar voorafgedrukte liedjiemateriaal nie beskikbaar is nie.
?? Kleingroep- en Huisvergaderings: Liedjieblaaie of gemeentesangboeke is ? groot hulp vir sang in klaskamers, tydens gebedgroepe of vergaderings by die huise van gemeentelede.
?? Rondreisende bedienings: Musiekgroepe of korttermyn-sendingspanne trek dikwels voordeel daaruit om liedjieblaaie of oorhoofse materiaal saam te bring op hul reise om die Woord te verkondig.

BELANGRIK: Hierdie lisensie is slegs bedoel vir musiek wat die gemeente sing. Dit sluit nie die reg in om enige vorm van kommersieel geproduseerde en gedrukte musiek, insluitende die musiek van gemeentegesangboeke, te fotostateer of elektronies af te tas ("scan") nie.

AANHANGSEL 3:

KOPIEREG LISENSIE EN DIE SUIDER AFRIKA KERK/SKOOL

Christian Copyright Licensing (Africa) (Pty) Ltd, P O Box 2347, Durbanville 7551

SAMRO, SARRAL, NORM, CCL - vier organisasies wat elkeen 'n faset van kopiereglisensiëring in Suider-Afrika verteenwoording - is iets waarvan die kerk/skool moet kennis dra. Maar wie is hulle en waarom het die kerk/skool al vier organisasies nodig?

SAMRO (Suider-Afrikaanse Musiekregte Organisasie, Beperk) - 011 489 5022
Reik 'n lisensie uit vir die reg om musiek wat kopiereg geniet "uit te voer". Met ander woorde, indien 'n kerk/skool 'n musiekkonsert hou en besoekende sangers het wat kommersieel voorafopgeneemde musiek tydens kerk-/skool aktiwiteite gaan uitvoer of speel, sal hulle waarskynlik 'n SAMRO-lisensie benodig.

SARRAL (Suid-Afrikaanse Opnameregte Vereniging Beperk/South African Recording Rights Association Limited) - **011 339 1333**
Hulle is gemagtig om outeursreginvorderings namens hul lede te maak wanneer 'n lid se musiek wat kopiereg geniet, opgeneem word. Wanneer 'n kerk/skool die musiek van hul dienste of ander aktiwiteite op kasset of videoband opneem, en sodanige musiek geniet kopiereg, het SARRAL die reg om 'n outeursreginvordering te maak indien hul lid se musiek opgeneem word.

NORM (Nasionale Organisasie vir Reproduksie Regte van Musiek in Suider Afrika Beperk/National Organisation for Reproduction Rights in Music in Southern Africa Ltd) - **011 486 0751**
Beskik oor dieselfde regte vir hul lede soos SARRAL. NORM-lede verskil van SARRAL-lede en daarom moet die kerk/skool gewoonlik vasstel watter lede aan watter organisasie behoort. Daar is egter 'n makliker oplossing vir die kerk /skool as om voortdurend SARRAL en NORM vir toestemming te kontak. Dit word hieronder bespreek.

CCL (Christian Copyright Licensing (Africa) (Pty) Ltd) - 021 975 1393
CCL word deur kopiereghouers en uitgewers gemagtig om 'n lisensie aan die kerk/skool uit te reik vir die reproduksie van woorde van gesange en aanbiddingsliedjies wat kopiereg geniet. Indien die kerk/skool byvoorbeeld oorhoofse projektorasetate, gesangblaaie, diensblaaie, ligborde of ander metodes gebruik om die woorde te verskaf waarvan die gemeente/saalbyeeenkoms die gesange of aanbiddingsliedjies moet sing, moet hulle 'n CCL-lisensie oorweeg. Die CCL-lisensie sluit ook die volledige nie-kommersiële opneemregte van beide SARRAL en NORM vir kerke/skole in.

Sedert 1 Junie 1995 bied CCL, op versoek van kopiereghouers en uitgewers, die Christian Copyright Licence aan Suid-Afrikaanse kerke/skole en ander organisasies. CCL is die jongste kopieregorganisasie en een waaroor die kerk/skool vanselfsprekend vrae het. Wat is hierdie vrae en wat is die antwoorde daarop?

Die sewe vrae wat die kerk/skool die meeste vra, is:

1. Ons het reeds 'n SAMRO-lisensie, Waarom moet ons 'n CCL-lisensie ook hê?
Dit hang af wat gelisensieer moet word want daar is 'n reuseverskil tussen wat die SAMRO- en die CCL-lisensie dek.
SAMRO dek die "uitvoer" van kopieregmateriaal. Daar heers blykbaar 'n algemene wanopvatting binne die kerk in Suidelike Afrika dat die SAMRO-lisensie ook die reproduksie van die woorde van gesange en aanbiddingsliedjies wat kopiereg geniet, dek. Dit is geensins die geval nie.

Slegs die CCL-lisensie dek die nie-kommersiële reproduksie van die woorde van gesange en -aanbiddingsliedjies wat kopiereg geniet. Dit stel die kerk/skool in staat om dit vir gemeente-/saalaanbidding, Sondagskole, uitreikingsveldtogte, troues en ander feesvieringe, ens., te gebruik en kan in handgeskrewe of gedrukte vorm, met behulp van elektroniese berging en herwinning, visuele projeksie (bv. Ligborde of videoprojeksie) of met behulp van kasset- of video-opnames geskied.

Om dit eenvoudig te stel:
As jy musiek wat kopiereg geniet uitvoer, moet jy oor die SAMRO-lisensie navraag doen.
As jy die woorde van gesange en aanbiddingsliedjies wil reproduseer, moet jy oor ‘n CCL-lisensie navraag doen.

2. Waar kan ek die jongste liedjies bekom wat in die kerk/skool gesing word?
Jy sal nie die jongste liedjies in selfs die nuutste liedjiesboeke vind nie, want dit kan maande duur om liedjieboeke saam te stel, te redigeer, druk, produseer en te versprei. Teen daardie tyd is daar reeds talle nuwer liedjies op die mark! En selfs wanneer ‘n nuwe boek beskikbaar word, kan dit slegs ‘n klein gedeelte van die nuutste liedjies bevat. Die jongste liedjies is gewoonlik op CD of kasset beskikbaar lank voordat dit in druk verskyn.

Hoe kan jou kerk dus die nuwe woorde leer en gebruik wanneer die liedjies nog nuut is? Deur òf aan die kopiereghouer of sy/haar verteenwoordiger te skryf en toestemming te verkry vir elke liedjie wat jy wil reproduseer, of deur ‘n CCL-lisensie te bekom wat jou 2 800 katalogusse met musiek van kopiereghouers wêreldwyd bied. Die meerderheid van oorspronklike Engelstalige gesange en aanbiddingsliedjies wat kopiereg geniet - bykans 150 000 - word deur die CCL-lisensie gedek. En die lys word voortdurend langer soos wat kopiereghouers nuwe liedjies skryf!

3. Sal CCL vir ons ‘n lys van al die uitgewers en liedjies stuur?
Elke kerk, skool en ander organisasie wat ‘n CCL-lisensie bekom, ontvang ‘n volledige lys van elke uitgewer wat deur die lisensie verteenwoordig word, en ‘n Liedjienavorsingswerkblad van meer as 500 van die gewildste liedjies wat deur die lisensie gedek word. Dit sal onmoontlik wees om vir elkeen ‘n lys met die volledige titel of die eerste reel van elk van die 270 000 liedjies wat dedek word, te stuur. Elke liedjie binne die katalogusse van elk van die 2 800 uitgewers, soos uiteengesit in die Liedjienavorsingswerkboek (wat aan lisensiehouers verskaf word), word gedek, Dit sluit elke nuwe liedjie in soos wat dit gepubliseer word.

4. Hoe weet ons as kerk/skool dat die uitgewers en liedjieskrywers hul geld kry?
Christian Copyright Licensing International, waarvan CCL in Suid-Afrika ‘n deel is, bestaan reeds sedert April 1988. Die organisasie behartig ook lisensieprogramme in Australië, Kanada, Nieu-Seeland, die

Verenigde Koninkryk en die Verenigde State. CCL beskik reeds oor meer as 100 000 lisensiehouers wêreldwyd. Sedert die ontstaan van die maatskappy in 1988, het CCL die ekwivalent van ongeveer R3 600 000 000 vir outeursreg aan kopiereghouers betaal. Soos die lisensie wêreldwyd groei, so het die jaarlikse outeursreg wat betaal is, ook toegeneem. Tans word die ekwivalent van bykans R35 000 000 jaarliks betaal. In Suid-Afrika betaal ons tans R280 000 elke ses maande uit aan kopiereghouers van gesange en aanbiddingsliedjies wat deur die kerk/skool in Suid-Afrika gereproduseer word.

5. Word die lisensiegeld jaarliks verhoog en met hoeveel?
Indien die lisensiegeld dan verhoog sou word, sal dit net inflasie in ag neem.

6. Geld die lisensie van Januarie tot Desember?
Nee. Dit geld vir ‘n tydperk van een jaar vanaf die maand waarin die lisensie aan ‘n aansoeker toegestaan word.

7. Bied CCL musiekboeke vir aanbidding te koop aan, of waar kan ons musiekboeke bekom?
CCL raak nie betrokke by enige aktiwiteit behalwe lisensiëring en die voorsiening van artikels of materiaal wat sal help om die doelteffende gebruik van ‘n CCl-lisensie te bevorder nie. Hulle moet ook ‘n regverdige kommersiële onafhanklikheid handhaaf om so doeltreffend moontlik te wees vir al die kopiereghouers wat hulle erteenwoordig. Daarom raak hulle nie by die verkoop van promosie van liedjieboeke betrokke nie. Sodanige boeke behoort by alle goeie Christelike kleinhandelsafsetpunte regoor Suid-Afrika te koop aangebied te word. En indien daar probleme ondervind word, behoort dit direk van die Suid-Afrikaanse uitgewer of verspreider beskikbaar te wees.

Vir nadere inligting en ‘n brosjure, tree gerus met **Jolita Retief of Elmarie Adendorff** by Christian Copyright Licensing by 021 975 1393 in verbinding, of skryf aan CCL Africa (Pty) Ltd, Posbus 2347, Dubanville 7551.